YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Junie 2017

AfriForum Tydskrif

# SKEP 'N VEILIGE TOEKOMS

**Plaasmoorde**
Zuma kry keelvolbrief

**Zimbabwe:**
leer uit dié land se grondlesse

**Veiligheidsberaad**
skep hoop

**AfriForum**
na Grondwethof oor taal




ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

**Buurtwagte brei uit**



# AfriForum se veiligheidsplan is proaktief

@kalliekriel

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

Die kommerwekkende en tragiese gebeure wat hul onlangs in Coligny afgespeel het, is 'n duidelike wekroep dat 'n proaktiewe nasionale veiligheidsplan nodig is waarmee gemeenskappe binne die raamwerk van die wet kan help toesien dat hul dorpe en stede vreedsame en veilige plekke is. AfriForum het die afgelope paar jaar reeds baie energie en hulpbronne aangewend om só 'n plan te ontwikkel en te begin implementeer.

'n Loodsprojek om AfriForum se omvattende plan verder te verfyn en te toets, is pas onder die naam Projek Nehemia in Bloemfontein van stapel gestuur. Dele van dié plan is ook reeds in sowat 100 AfriForum-buurtwagte landwyd in werking gestel. Die uiteindelike doelwit is om die plan in sy geheel by alle AfriForum-buurtwagte te implementeer, asook landwyd in ander gebiede wat nie tans oor buurtwagte beskik nie.

Ongelukkig sal daar altyd leunstoelkritici wees wat uit moedswilligheid of blote onkunde AfriForum en die Solidariteit Beweging se werksaamhede op veiligheidsgebied probeer afskiet. 'n Voorbeeld hiervan is Max du Preez se onlangse kritiek dat AfriForum en Solidariteit meer proaktief moet wees om wedersydse begrip in gemeenskappe teweeg te bring en dat dít beter beskerming bied as om "manne met gewere in te stuur".

Die veiligheidsplan wat AfriForum en die Solidariteit Beweging onlangs by 'n veiligheidsberaad aan meer as 1 000 buurtwagafgevaardigdes bekend gestel het en dít wat AfriForum-buurtwagte reeds landwyd doen, behels baie meer as om "manne met gewere in te stuur". Dié proaktiewe plan rus op twee bene, naamlik dat gemeenskappe weerbaar word om hulself en hul eiendom binne die raamwerk van die wet te kan beskerm, en dat wye samewerking tussen gemeenskappe en alle rolspelers bevorder moet word om 'n gesamentlike front teen geweld en misdaad te vorm en wedersydse erkenning en respek te bevorder.

Om dié rede werk AfriForum-buurtwagte reeds in verskeie dorpe en stede landwyd met die Suid-Afrikaanse Polisiediens saam, asook met gemeenskapspolisiëringsforums en gemeenskapsleiers uit verskillende gemeenskappe. Natuurlik is daar ongelukkig enkele plekke waar die polisie of ander rolspelers nie wil of in staat is om saam te werk nie; daar is egter ook talle voorbeelde van plekke waar goeie verhoudinge reeds gebou is en gesonde samewerking dus plaasvind. In Elliot het die plaaslike taxivereniging byvoorbeeld by die AfriForum-buurtwag ingeskakel, terwyl gesonde samewerking ook op baie ander plekke met swart, bruin en Indiërgemeenskappe en -leiers gevestig is. AfriForum sal as kritiese deel van die veiligheidsplan aanhou om gesonde verhoudinge en wedersydse respek tussen gemeenskappe op plaaslike vlak te bevorder.

AfriForum sal ook voluit met die tweede been van die plan voortgaan, naamlik om gemeenskappe toe te rus en by te staan om hulself en hul eiendom binne die raamwerk van die wet en na die beste van hul vermoë te kan beskerm. Net soos skoolboelies op diegene fokus wat kwesbaar is, fokus misdaadboelies en politieke figure wat polarisasie aanblaas ook op diegene wat na hul mening kwesbaar is. Goeie verhoudinge is inderdaad krities belangrik, maar dit is naïef om te dink dat die blote bestaan van goeie verhoudinge 'n absolute waarborg vir veiligheid is. Die skrywer Rian Malan het op vaardige wyse in sy verslaggewing oor die gebeure in Coligny uitgewys dat rolspelers uit die Zuma-kamp – in 'n poging om hul eie wankelende posisie te verdedig – die "wittes" as die sondebokke wil voorhou vir alles wat skeefloop. AfriForum sal homself uit beginsel nie wend tot dieselfde soort polariserende optrede as die rasbeheptes in die Zuma-kamp en elders nie, maar sal met selfvertroue en op 'n grondslag van wedersydse erkenning en respek voortgaan om die reg van gemeenskappe te bevorder om hulself en hul eiendom op verantwoordelike wyse en binne die raamwerk van die wet te beskerm.

Die AfriForum-veiligheidsplan is 'n plan wat uit verskeie fasette bestaan. Dit fokus onder meer op 'n misdaadvoorkomingstrategie wat nie net sigbaarheid nie maar ook die inwin en ontleding van inligting insluit. Tegnologie speel ook 'n kardinale rol en daar is reeds begin om misdaadvoorkomingsbeheerkamers op verskeie plekke te vestig. Parate gemeenskappe wat beskik oor sowel 'n goed deurdagte en omvattende teenmisdaadplan as die vermoë en hulpbronne om dié plan verantwoordelik uit te voer, is en bly die beste waarborg om stabiliteit en vrede in belang van almal in die land te help verseker.

Gemeenskappe landwyd wat nie op gebeure soos dié in Coligny voorbereid is nie, sal dringend moet toesien dat hulle weerbaar word. AfriForum is bereid om daarmee te help of om saam te werk met veiligheidsinisiatiewe wat onafhanklik van AfriForum gestig is. By gebrek aan 'n sterk gemeenskapveiligheidsinisiatief in Coligny was die gemeenskap kwesbaar. Dit het AfriForum genoop om in samewerking met strukture in dié dorp privaat veiligheidsbeamptes te ontplooi wat goed opgelei is om op verantwoordelike en professionele wyse mense en eiendom te beskerm sonder om geweld aan te blaas. Die leunstoelkritici wat baie hieroor te sê het, laat my dink aan die storie van die boelie Jannie wat na sy ma toe hardloop en kla omdat Pietie hom "teruggeslaan" het. Daar kan tog nie verwag word dat mense bloot moet sit en toekyk hoe hulle deur die afbrand van huise en die beskadiging van eiendom geboelie word nie? Verantwoordelike selfverdedigingsaksies binne die raamwerk van die wet is 'n onvervreembare basiese reg.